STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

13 MEI 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENSTE

'n Maaltyd wat lewe gee

1 Kor. 11:23-26

GESINSDIENS

Die maaltyd voor die Heilige Gees.
1 Kor. 11:23-26

PINKSTER

Begin by die begin
Eks. 3:1-14

DEUROFFER

Jeuguitreike.
Ons jeugbediening beplan weer uitreike na Calitzdorp, Beaufort-Wes, Leeu-Gamka, Mavusa en Transkei tydens die Julie skoolvakansie. Daar is heelwat logistieke koste aan die uitreike verbonde.

EREDIENSTE

			13 Mei Nagmaal		20 Mei	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Breytenbach	3/4	Ds. Breytenbach	1
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Kotze	6/9	Ds. de Ridder	8
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Geen diens	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Geen diens	-	Ds. Breytenbach	13
19:00	Kerk	Pinkster	Ds. Visagie	5	Geen diens	-

PANNEKOEKVERKOPING 20 MEI

Ter viering van die Pinksterfees verkoop die Seniorbediening op Sondag 20 Mei na die oggenddienste pannekoek. Kaneelsuiker- en gevulde pannekoeke sal verkoop word. 1500 pannekoeke sal gebak word.

BYBELSTUDIEREEKS OOR ESTER

Esther: "It's tough being a woman".

Na die geslaagde Daniël-kursus, word 'n 9-weke-kursus op Maandagaande vanaf 19:00 tot 20:15 oor die Bybelboek Ester beplan. Die kursus begin op 4 Junie in die kapel met drie byeenkomste in Junie-maand en die res sal in die derde kwartaal plaasvind.

Beth Moore is die skrywer van die reeks en die kursus word aan die hand van DVD's en 'n Bybelstudiegids aangebied. Die kursus is gratis, maar die handleiding kos R220. Indien jy belangstel om in te skakel, of meer inligting wil hê, kontak vir Riëtte (fasiliteerder) by 076 637 9671. Ons wil teen 25 Mei die getalle finaliseer en die handleidings aankoop.

[ONS GLO . . .]

JEUGDAGBOEK

- KLEINGROEPE: begin 18:00 met Pinkster wat daaruit vloei.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS: ontmoet om 17:00.
- JUNIOR KLEINGROEPE: Pinkster-afskop vanoggend 10:00 in die kleinsaal.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: vir jong volwassenes kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- BLISS groep vir jong volwassenes kom Sondae 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae aande 18:30, kontak jeugkantoor vir meer info.
- TIENERPINKSTER: 13 tot 17 Mei om 18:30 in die markplein. Ons gaan vooraf saamkuier, iets drink en *pool* speel. Vanaf 19:00 gaan ons saam lofprysing doen en die tema "overflow / loop oor" bespreek. Kom luister wat die Heilige Gees vir jou kan doen.
- GRAAD 7'S: Julle word uitgenooi na die tienerpinkster.
- KINDERPINKSTER (graad 1-6): 13 tot 17 Mei 19:00 kleinsaal.
- KLEUTERPINKSTER (3 tot 6 jaar): 13 tot 17 Mei 19:00 kleuterkerklokaal.
- VUUR-EN-VLAM-KONFERENSIE: 26 Mei
- BELYDENISAFLEGGING: 27 Mei - aansoekvorms jeugkantoor.
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.

BORG-'N-BERSIE-PROJEK

Ons wil baie graag 3000 kombersies vir die jeuguitreike tydens die Julie skoolvakansie insamel. Help ons asseblief om dié droom te verwesenlik deur 'n boekmerk ter waarde van R20 / R50 / R100 te koop. Jy kan die boekmerke deur die week by die jeugkantoor aankoop of gebruik die SnapScan kode op die Borg-'n-Bersie plakkate om jou bydrae te maak.

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1 tot 7 Kleinsaal

Graad 8: Kerk

Graad 9: Grootsaal

Graad 10: Jeuglokaal

Graad 11: Kleinsaal

BREIGROEP

Die breigroep ontmoet weer op 11 Junie om 09:30 in die Markplein. Bring asseblief al jou klaar gebreide artikels vir die uitreike saam. Ons wil graag 'n foto neem.

SONDAG 27 MEI KOEKVERKOPING

Die Junior kategesegroep bied op Sondag 27 Mei 'n koekverkoping met koek, tert en geroosterde toebroodjies by die kafeteria aan. Fondse word ingesamel vir die gemeenskap van Williston wat weens die ernstige droogte baie swaar kry. Ondersteun hulle asb.

SPREEKKAMER TE HUUR

Die Stellenberg Ondersteuningsentrum het spreekkamer ruimte te huur vir 'n Kliniese Sielkundige wat spesialiseer in spelterapie en evaluering van kinders. Kontak Rudolph van Schoor 082 854 4530.

VATVYF

Ons gaan 'n oggend saam met die geliefde Min Shaw by D' Aria geniet. Dinsdag 22 Mei vanaf 10:00. Die bus vertrek 09:30. Kaartjies @ R75 per persoon sluit die vertoning, drinkgoed en verversings in. Besprekings het ongelukkig reeds gesluit. Dié byeenkoms vervang die geskeduleerde byeenkoms van 23 Mei.

HARTLIK GELUK

Ds. Callie Visagie het twee kleinkinders ryker geword met Gerdus en Lize-Marie Visagie se eersteling, Iza wat op op 25 Maart gebore is en Schalk en Huibre van der Merwe se derde kind, Vera wat op 29 April 2018 gebore is.

Ds. Why Duvenhage is met nog 'n kleindogter geseën toe Wynand en Joanie Duvenhage se eersteling, Elsabie op 12 April 2018 gebore is.

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Esté Niemand, gebore op 08/11/1977 en oorlede op 5/5/2018. Sy is na jare van swak gesondheid oorlede. Esté het in 1995 belydenis van geloof in Stellenberg afgelê. Ons dink in hierdie tyd van verlies en hartseer veral aan haar ouers, Riaan en Ensa, ook aan haar broer Jaco en sy gesin, ook lidmate van Stellenberg. Die gedenkdiens was op Vrydag 11 Mei gehou.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie tydens Pinkster

BLESS A BLIND

Night without light

Sondag 20 Mei 18:00

Kom beleef die wêreld van 'n blinde tydens 'n aand van sang, musiek en drama aangebied deur talentvolle blinde kunstenaars.

Kaartjies @ R50 beskikbaar by Bellville Uitsig-gemeente.

VAKATURE

LERAAR

Die pre-advies komitee het op Maandag 7 Mei onderhoude met vier kandidate op die kortlys gevoer. Hulle sal die nodige aanbevelings aan die kerkraad deurgee wat op 23 Mei tydens hulle vergadering 'n beroep sal uitbring.

PINKSTER 2018

- **Aandpinkster 13 tot 17 Mei om 19:00**

Sien asseblief die volledige Pinksterpamflet.

Kom kuier na afloop van elke aand se diens saam in die Markplein rondom 'n koppie sop en beleef ook die seën van saamwees.

- **Kinderpinkster (graad 1 tot 6): 13 tot 17 Mei** 19:00 in die kleinsaal.
- **Kleuterpinkster (3 tot 6 jaar): 13 tot 17 Mei** 19:00 in die kleuterkerklokaal.
- **Tienerpinkster 13 tot 17 Mei** 18:30 in die markplein. Graad 7's word in besonder na die tienerpinkster uitgenooi.
- **Oggendpinkster 14 tot 18 Mei** 10:00 in die kerk. Aangebied deur Mike van Deventer.
  - ◊ Die voorreg van Christen-wees (Rom 5:1-11)
  - ◊ Lewe uit die oorvloed van God's genade (Rom 5: 12-19)
  - ◊ Dood vir die sonde en lewend vir God (Romeine 6:1-23)
  - ◊ Vry van die wet (Romeine 7: 1 - 8:4)
  - ◊ "Lewe onder beheer van die Gees" Rom 8:5-39

SKOENE VIR PINKSTER

Bring asb. volgende Sondag veral na die Pinksterdiens **gebruikte, maar nog bruikbare skoene** saam kerk toe. Kinderskoene, tekkies en skoolskoene is welkom. Dit sal simbolies aansluit by die eerste Pinkstertema waar Moses sy skoene voor die brandende Braambos uitgetrek het.

NIE-BEDERFBARE KOS VIR PINKSTER

Ons wil graag tydens Pinkster en met die oog op die komende wintermaande 'n ekstra poging aanwend om nie-bederfbare kos vir minderbevoorregtes in te samel. Bring asb. jou bydrae tydens Pinkster saam kerk toe en plaas dit in die voorportaal. Rys, noedels, langlewe melk, mieliemeel, meel, blikkieskos, ens. is alles welkom.

GEBEDSGELEENTHEID TYDENS PINKSTER

Daar is elke aand tydens Pinkster vanaf 18:30 'n gebedsgeleentheid in die kapel. Lidmate word uitgenooi om saam te kom bid met die oog op herlewing en geestelike verdieping tydens Pinkster.

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za